

TORAH (WET) EN GENADE

LES 4: DIENSKNEG OF KIND?

INLEIDING

1. Mensgemaakte wette, en die oorlewering van mense, het die onderrig en instruksies van YHVH (Torah) besoedel en tot 'n groot mate vervang. Daarom vind baie Christengelowiges die terugkeer na Torah aanvanklik as vreemd (Hos. 8:12).
2. Torah leer ons die verskil tussen heilig en onheilig, en tussen rein en onrein. Die nougesette toepassing van Torah in ons daaglikse lewe maak van ons 'n koninklike priesterdom en 'n heilige volk (1 Pet. 2:9). Dit verseker Vader-God se voorsiening en beskerming, en hou vloeke (YHVH se oordele) weg van ons.
3. Talle mense is doelbewus ongehoorsaam aan Torah en sondig dus, maar verwag steeds Vader-God se seëninge. Dit is so goed as om te vra dat YHVH goedkeuring aan sonde gee. Hy kan nie, want dan vind vermenging van die reine met die onreine plaas en dit wat heilig is word onheilig. YHVH is geregtigheid en daarom kan Hy nie anders as regverdig optree nie. Hy kan nie anders as sonde veroordeel nie, en kan nie anders as gehoorsaamheid seën nie. Die mens wat doelbewuste sonde in sy lewe het, kan nie deur YHVH geseën word nie.
4. Indien ons voortgaan om aan Torah ongehoorsaam te wees, dan is ons mislei en het ons, ons eie geregtigheid opgerig. Dan meng ons dit wat rein is met die onreine en dit wat heilig is met die onheilige. Ons mag wel 'n ywer vir God hê, maar ons ken nie Sy geregtigheid nie (Rom. 10:2 en 3).
5. Wanneer ons Torah in ons lewens toepas, naamlik om ons vreugde te vind in die strewe om aan al Abba se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees, loop ons die pad as bevrydes. Dan getuig ons lewens dat ons dood vir die sonde is, maar lewend vir YHVH in Yeshua (Rom. 6:11). Ware vryheid is nie om te doen wat jy wil doen nie, maar om te doen wat

Vader-God wil hê jy moet doen. Dan sal dit met jou voorspoedig gaan (Jos. 1:8).

6. Die mens moet kies tussen lewe of dood; tussen die seën of die vloek (Deut. 30:19). Om aan Torah gehoorsaam te wees, is om lewe te kies en geseën te word. Torah is nie 'n las ('n vloek) wat ons moet dra en waarvan ons vrygemaak moet word nie!

Jy sal יהוה weer gehoorsaam en al Sy opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel. Dan sal יהוה, jou God, jou oorvloediglik voorspoedig maak in al die werk van jou hand, in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, want יהוה sal weer ten goede oor jou bly wees soos Hy bly was oor jou vaders, as jy gehoorsaam is aan יהוה, jou God, om al Sy opdragte en reëls na te kom wat in hierdie boek van die wet geskryf is; as jy na יהוה, jou God, toe draai met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees, want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie. Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?' nie. Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?' nie, maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand, dat jy dit kan doen. Deut. 30:8 tot 14 (PWL Vertaling)

KIND EN NIE MEER DIENSKNEG NIE

1. In Gal. 4:1 tot 8 verduidelik Paulus die feit dat die gelowige in Yeshua nie meer onder die wet is nie, maar wel onder die genade. Hy verduidelik dit aan die hand van 'n kind wat tot volwassenheid gekom het.
2. Hierdie verduideliking volg op dit wat Paulus in hoofstuk 3 van Galasiërs sê, naamlik:
 - Voor die geloof gekom het, is ons deur die wet (Torah) in bewaring gehou (Gal. 3:23).
 - Daarom was die Torah ons tugmeester, naamlik 'n leermeester (onderwyser), bewaker (toesighouer; oppasser) en gids (wegwyser; handleiding) na Yeshua Messias toe. Die wet het ons dus in bewaring gehou en ons na Yeshua gelei sodat ons deur geloof geregverdig kan word (Gal. 3:24).
 - Nou dat die bedeling van geloof in die verlossing deur Yeshua Messias gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie, want ons het nou mondige (selfstandige) kinders geword (Gal. 3:25 en 26).
3. In Galasiërs 4 gaan Paulus voort met hierdie lering en verduidelik dit verder aan die hand van die gebruik van daardie tyd, naamlik:

Welgesteldes het 'n tugmeester (onderwyser, toesighouer, gids) oor 'n kind aangestel wat verantwoordelik was om volgens die vader se voorskrifte die kind te leer, op te pas en te vergesel orals waar hy gaan. Die kind was dus onder die voltydse toesig van die tugmeester tot op die dag wat die vader bepaal dat die kind volwassenheid bereik het.

4. 'n Kind onder die toesig van 'n tugmeester verskil dus niks van 'n dienskneg nie, al is hy die wettige erfgenaam (Gal. 4:1). Hy is nie vry om self te besluit nie, maar moet alles doen soos die tugmeester beveel en wat hierdie instruksies van die vader ontvang het (Gal. 4:2). Die kind verantwoord dus direk aan die tugmeester en nie aan sy vader nie. Die kind was as te ware die slaaf (dienskneg) van die tugmeester.
5. Wanneer die tyd aanbreek soos wat deur die kind se vader bepaal word, dan kom die tugmeester se taak op 'n einde. Die kind is nou 'n volwassene wat self kan besluit. Hy staan dan nie meer onder die toesig van die tugmeester nie, maar staan voortaan in 'n nuwe verhouding met sy vader. Die tussenganger in die verhouding is nou uit die weggeruim en die vader neem nou die volle verantwoordelikheid vir die kind. Dit is nou 'n een tot een verhouding. Die tugmeester het die kind alles geleer volgens die vader se voorskrifte en vereistes. As tugmeester het hy sy doel gedien. Nou het die kind die vryheid om in die lig van hierdie kennis te leef en om soos sy vader te wees. Wanneer hy so leef, en alles nougeset toepas wat hy geleer is, dan het hy deel aan alles van sy vader. Dan is hy 'n weerspieëling van sy vader se karakter en hoedanighede. Hy sal dan in alles voorspoedig wees, want sy vader sal hom met net die beste van die vaderhuis seën.
6. Die feit dat die tugmeester se taak afgehandel is, het egter nie 'n verandering in die vereistes en voorskrifte van die vader meegebring nie. Die vader het nie verander nie. Dit is slegs die verhouding tussen die vader en die kind wat verander het. Nou is die kind nie meer soos 'n dienskneg nie, maar 'n mondige kind wat moet lewe soos die vader lewe. Die kind staan nie meer onder die tugmeester nie, maar onder die genade (onverdiende guns) van die vader.
7. Bogenoemde dien as illustrasie om *onder die wet* en *onder die genade* te verduidelik, naamlik: Onder die ou verbond was die wet (Torah) die tugmeester wat die toesig oor die mens gehad het. Die wet het die mens geleer, bewaar en die pad aangewys. Die wet was egter die weerspieëling van die Vader YHWH se wil vir sy kind. Die kind het dus direk aan die wet verantwoord en nie aan die Vader nie. Die wet as tugmeester het van die mens 'n slaaf (dienskneg) gemaak, want hy was 'gedwing' om daaraan gehoorsaam te wees.
8. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het YHWH sy Seun gestuur om die wat onder die wet was los te koop sodat ons nou as volwasse kinders aangeneem kan word (Gal. 4:4 en 5). Ons is nou vrygemaak van die tugmeester, naamlik die wet, en staan nie meer onder sy toesig nie,

MAAR ons staan nou in 'n nuwe verhouding met YHVH ons Vader in Yeshua Messias.

9. Hierdie verhouding is die van Vader-kind waar geen tugmeester meer die tussenganger is nie. Die wet wat sonde openbaar en ons oordeel, skei ons nie meer van God ons Vader nie. Dit alles is moontlik gemaak deur Yeshua wat die einde van die wet is tot geregtigheid van die wat glo (Rom. 10:4). Yeshua ons Messias het 'n einde gebring aan die doel van die wet, naamlik as tugmeester wat die mens in bewaring hou en wat die mens na Yeshua lei. Dit wat die wet nie kon doen nie, naamlik om ons sondes te vergewe en ons te red (Rom. 8:3 en 4), dit het Yeshua vir ons gedoen. Ons is nou in Yeshua met YHVH versoen en geregverdig (2 Kor. 5:17 en 21).
10. In hierdie nuwe verhouding is YHVH se onderrig, instruksies en wysheid steeds geldig. Hy het nie verander nie (Mal. 3:6; Heb. 13:8). Torah onderrig ons steeds in die weë van ons Vader en deur dit nougeset toe te pas, weerspieël ons Sy aard en hoedanighede en ontvang ons al die seëninge van die Vader. Ons is egter nie meer onder die wet nie, maar onder die genade waar ons oortreding van Torah weens menslike swakheid ons nie van YHVH skei nie. Ons het 'n nuwe vryheid, want ons ontvang telkens vergifnis wanneer ons met ware berou ons verootmoedig. Ons liefde vir Vader God is die motivering en begeerte om aan Torah gehoorsaam te wees.
11. Omrede ons nie meer soos 'n dienskneg van die wet is nie, maar 'n volwasse kind van die Vader, het YHVH ons die Gees van Sy Seun in ons harte gegee wat roep: Abba, my Vader! (Gal. 4:6) en is ons mede-erfgenaar met Yeshua (Gal. 4:7). Daarom kan ons ook soos Paulus verklaar: *Ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens* (Rom. 7:22). Dit is nou 'n vreugde om aan Torah gehoorsaam te wees (Ps. 1:1). Ons ondervind egter hierdie stryd in ons binneste dat die goeie wat ek ons wil doen, dit doen ons nie. Maar ons is onder die genade en daarom sal Yeshua Messias my vrymaak van hierdie sondige vlees (Rom. 7:19 tot 26). Soos 'n kind wat begeer om gehoorsaam te wees, doen ons soms die verkeerde, maar daar is telkens die genade van vergifnis sonder dat ek geoordeel word.
12. Dit gaan nou nie meer oor die letter van Torah (die wet) nie, maar oor die gees waarin ons aan Torah gehoorsaam is. Ons hart van klip is met 'n hart van vlees vervang wat begeer om gehoorsaam te wees (Jer. 11:19 en 20). YHVH se wet is nou in ons verstand gegee en op ons hart geskryf (Heb. 8:10) Ons is nie onder die wet wat ons deur wetsvoorskrifte bind nie, maar ons is in die nuwe bedeling (nuwe verbond) van die Gees om ons Vader te kan dien (Rom. 7:6). Ons is vry van die mag van die wet wat ons skuldig bevind en geoordeel het. Ons is nie meer onder die wet nie, maar onder genade.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Die doel van Torah is veelvuldig. Onder andere openbaar dit wat sonde is, dit oordeel die skuldige, dit bring ons na Yeshua, ens. Torah se doel is egter ook om die mens te leer hoe om 'n gedissiplineerde en gesonde lewe te leef. Waarom dink jy het YHWH die voorskrifte gegee aangaande wat geëet en nie geëet mag word nie (Levitikus 11)? Geld dit steeds vir vandag?

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.